Om God te sien

Ons wil almal so graag die Here sien, met Hom praat en wil hê dat Hy met ons sal praat. Die probleem kom egter wanneer Hy Homself so openbaar dat ons Hom wel kan sien en Hy praat dat ons Hom wél kan hoor. Kan ek dit in die woorde van C.S. Lewis sê: "There comes a moment when the children who have been playing at burglars suddenly became quiet: was that a *real* footstep in the hall? There comes a moment when people who have been dabbling in religion suddenly draw back. Suppose we really find Him? We never meant it to come to *that!* Worse still, suppose He had found *us*?" Sien, die probleem is nie om na God te soek nie, maar wat om te doen as ons Hom vind! Wanneer God Homself openbaar, gaan dit oor Hom en nie meer oor onsself nie. Oor en oor sien ons in die Skrif hoe mense "God gesien" het. Kyk na wat Jesaja beleef het toe hy God in die tempel gesien het (**Jes.6**). En dit wat die apostel Johannes gesien het op die eiland Patmos? (**Open.1:9-20**). Lees van Paulus se ontmoeting met Jesus op die Damaskuspad (**Hand.9**). Om God te sien, so beskryf die Bybel die ontmoetings wat mense met God gehad het, kan dikwels 'n angswekkende ervaring wees. God is ons Vader, maar Hy is ook soewerein. Jesus is die Verlosser, maar Hy is ook die Here. Sy woorde is soos die balsem van Gilead, maar ook soos 'n swaard met twee snykante wat alles oopvlek. In die laaste maande het ek weer die verhale van herlewings in die geskiedenis gelees. Soms word geskryf dat dit 'n skrikwekkende ervaring was – selfs vir toegewyde Christene. Daar is mense wat agterna gesê het hulle hoop hulle beleef nie weer die uitbreek van 'n herlewing nie – veral nie in die eerste fase van herlewing wanneer God se heiligheid soos 'n vuur onder mense begin brand het nie.

Laat ons tot God nader en Hom vra om genadig te wees wanneer Hy tot ons nader.

Bennie Mostert
Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk